SUIDER-PAARL GEMEENTE

Week 4

Opstanding:

Die vyand is vernietig!

Paasnaweek vertel vir ons van ’n oorlog wat tussen God en die vyand, Satan, deur die eeue aan die gang is. Maar dit is die naweek wat die oorlog volledig gewen word. Natuurlik is die stuiptrekkings nog daar, en ons voel nog die gevolge van die aanslae, maar juis daarvoor het Jesus op Goeie Vrydag aan die kruis gesterf, volgens die Bybel daarna geestelik opgewek deur die Gees, en het finaal die dood oorwin toe Hy op Paassondag liggaamlik ook opgewek is.
Dit beteken nie ek gaan nie swaar kry, of nie siek word, of nie aangeval word op watter manier ookal nie. Maar die geveg is verby! En dit maak dat ek met nuwe geloof, hoop en liefde die lewe kan aanpak!

Luister hoe Jesus se volgelinge daardie Sondagoggend beleef het:

Uit die Woord… Lukas 24: 1 - 12

1Die Sondagmôre baie vroeg het die vroue na die graf toe gegaan met die reukolie wat hulle reggemaak het. 2Daar kry hulle die klip weggerol van die ingang van die graf af; 3en toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie. 4Hulle het nie geweet wat om daarvan te dink nie. Meteens staan daar by hulle twee manne met blink klere aan. 5Die vroue het groot geskrik en met hulle gesig na die grond toe gebuig. Toe sê die manne vir hulle: “Waarom soek julle die Lewende by die dooies? 6Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea was 7en gesê het: Die Seun van die mens moet uitgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan.”
8Toe het hulle sy woorde onthou 9en van die graf af teruggegaan en al hierdie dinge vir die elf en al die ander vertel. 10Die vroue was Maria Magdalena en Johanna en Maria die ma van Jakobus. Ook die ander vroue saam met hulle het dieselfde dinge aan die apostels vertel. 11Maar vir hulle het hierdie verhaal na onsin gelyk en hulle het die vroue nie geglo nie.
12Petrus het egter opgespring en na die graf toe gehardloop. Toe hy daar vooroor buk, sien hy net die doeke. Vol verwondering oor wat gebeur het, is hy terug huis toe.

Wees Anders…

Wat sê dit oor God en sy plan?

1. Hoe verstaan jy God se groter prentjie van die begin af, om die Bose te verslaan? Lees gerus een van die eerste beloftes van die Opstanding: Gen 3: 15.
2. Watter van die ‘opstandingstories’ in die Bybel raak jou die meeste? Wat is vir jou mooi daarvan?
3. Wat dink jy wou Petrus vir die ander gaan vertel het, nadat hy die leë graf gesien het?
4. Stel jou voor die Vader en Jesus sit en praat, en die Vader vertel vir Jesus hy gaan uit die dood opgewek word. En Jesus vra: Hoekom moet dit gebeur Vader? Wat dink jy sou die Vader antwoord?

Wat vir vandag?

5. Jesus het die geveg van die wil, haat en pyn oorwin. Waar in jou lewe sukkel jy met oorwinning?
6. Wat dink jy maak vir God die hartseerste oor wat die gebroke wêreld aan die mensdom doen?
7. Hoe wil Jesus se opstanding ons ander laat dink oor die Corona-virus?
8. As jy een ding vir God kon vra, wat sou dit wees. Enige iets!

Uitgedaag…

Neem ’n besluit om iets te gaan doen of te gaan wees as jy hoor dat die Here vir jou vandag, in hierdie tyd weer kom roep om anders te wees.

Gebed: Gee jouself vir die Here, vra Hom om jou die geloofsmoed te gee om vanuit die opstanding te leef.

…Want Jesus is Anders…